



Diensnuus

Vakansieuitgawe

12 Des 2021 – 16 Jan
2022

Liewe Gemeente van Jesus in Caledon,

Soos wat ons die laaste dae van 2021 amper op ons vingers kan aftel, is die opgewondenheid en vooruitsigte van vakansie en Kersfees tasbaar in die lug. Dit was 'n jaar vol oppe en affe, kronkels en draaie, huil en lag.

Ons het mense gegroet en ook nuwes ontmoet. Ons het hard gewerk. Ons het swaar gekry. Ons het gelag dat die trane loop. Ons het ons trommeldik geëet. Ons het onverwagse geskenke ontvang. Onverdiende seënninge om elke hoek en draai. Ons kon die drukke op die bors voël - Jesus wat met erns praat en lei. En ook die sagte wieg op Sy skoot. Die dae was lank, maar die jaar so bitter kort.

Dankie dat ons die pad saam kon loop hierdie jaar. Dankie dat julle Jesus se Hoop en Liefde uitgeleef het—aan julle bure, julle geliefdes, julle vriende en familie. Maar OOK aan julle vyande, onbekendes en aan die randfigure in die dorp en gemeenskap. Dankie dat julle liefde en sorg gegee het aan dié wat dit die minste verdien of verwag het. Aan dié wat gestruikel het en baie kere geval het. Julle was en bly steeds die ligdraers.

Ons is so dankbaar vir 'n familie in Jesus, waar ons saam kan leer en oefen, val en weer opstaan. Laat ons volhard soos atlete. Dis God wat ons wedloop bepaal. Daar's 'n skare verlostes wat wag rondom die baan, hulle *cheer* vir ons en moedig ons aan, sodat ons almal die wenstreep sal haal. Elke las moet ons afgooi—die sonde wat ons maklik vasvang en verstrik—sodat ons God se pad met volharding kan loop. Dis die pad na die ware geluk.

Hou julle oë op Jesus, ons Vriend, ons Verlosser, ons Hoof. Hy begin en versterk ons geloof.

Mag julle 'n geesvervulde Kerstyd saam met geliefdes hê. Mag julle die pad enduit loop saam met Jesus en mag julle Hom elke dag nog beter leer ken en nog liefier kry.

Die kerk se dienste is as volg gedurende die Feesseisoen:

19 Des: 09:00 Erediens Deuroffer: MES Kaapstad

25 Des: 09:00 Erediens (Kersdiens) deur Ds. Jan Theron


26 Des: 09:00 Erediens Deuroffer: Barmhartigheid

31 Des: 19:00 Gesamentlike Oujaarsdiens by NG Caledon-Wes

2 Jan: 09:00 Erediens Deuroffer: Hugenate Kollege Ontwikkelingsfonds

9 Jan: 09:00 Erediens Deuroffer: Hospitaalbearbeiding

Die Kerkjaar-Kalender.



Ons is tans in **Advent-tyd**. Advent begin op die **vierde Sondag voor Kersfees** en duur tot en met Oukersaand. Advent is deel van die Kerssiklus en ook die begin van die Kerkjaar. Die Kerssiklus begin met *hoop* en afwagting tydens Advent en loop uit op vreugde met Kersfees en sluit af met Epifanie. Gesinne kan 'n Adventkrans maak om elke aand aan te steek om die wonderlike hoop en afwagting van hierdie seisoen uit te beeld. Kleiner kinders geniet ook die Adventkalender wat die Kinderfokusspan bymekaar gesit en uitgedeel het. Elke dag word 'n volgende kersversiering gemaak om hulle Kersboom te voltooi tot en met Kersdag.

Kerstyd is 25 Desember tot 5 Januarie.

Die betekenis wat gelowiges in die fees moet sien lê ver anderkant die betekenis wat die sekulêre wêreld vir ons daaraan wil gee. God het mens geword en onder ons kom woon om vir alle mense die hoop van ewige redding te bring. Ons aanbid 'n lewende God wat omgee en wat bemoeienis maak met Sy kinders in hulle alledaagse lewe. Met Kerstyd vier ons die wonder van God wat Homself kom bekendmaak aan die mensdom.

'n Interessante ou gebruik wat nou verval het, is die viering van die twaalf dae van Kersfees van 25 Desember tot 5 Januarie. Dit fokus op die geskenke wat ons van God ontvang:

Dag een: Jesus Christus, die eniggebore Seun van God

Dag twee: Die twee dele van die Bybel, die Ou en die Nuwe Testament

Dag drie: Die drie groot deugde, geloof, hoop en liefde

Dag vier: Die vier evangelies, Matteus, Markus, Lukas en Johannes

Dag vyf: Die Pentateug, of die eerste vyf boeke van die Bybel, Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium

Dag ses: Die ses dae van die skepping

Dag sewe: Die sewe gawes van die Gees (Rom 12, 1 Kor 12)

Dag agt: Die agt saligsprekinge (Matt 5)

Dag nege: Die vrug van die Gees (Gal 5:22)

Dag tien: Die Tien Gebooie

Dag elf: Die elf getroue dissipels

Dag twaalf: Die twaalf artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis.



Epifanie: 5 Januarie

Die woord *Epifanie* beteken *verskyning of openbaarmaking* en word in die kerkjaar gebruik om te verwys na God se verskyning in die wêreld met die geboorte van Jesus.

Epifanie word gevier *na die twaalf dae van Kersfees op die 6e Januarie of die Sondag naaste daaraan*. Die besoek van die *drie wyse manne* en die *geskenke* wat hulle saamgebring het word met Epifanie in verband gebring omdat die wyse manne deur hulle optrede Jesus as God *erken* het.



KERKKANTOOR URE VIR DESEMBER

6—17 Desember : 09:00—12:00

20-24 Desember : Kantoor gesluit, kontak Joanie tydens kantoorure op 072 807 3192.
Cornelia met verlof.

28 Desember—1 Januarie 2022: Kerkkantoor gesluit.

26 Desember—9 Januarie 2022: Aflosleraar—**Ds Guy Roberts. Kontaknommer: 082 839 5716**

Ds. Dewald is met verlof vanaf 23 Desember tot 9 Januarie.



POPIA-WETGEWING

Hiermee bevestig ek dat ek 'n belydende lidmaat van die NG Kerk Caledon is en gee toestemming dat my inligting, sowel as die van my minderjarige kind(ers), gestoor mag word in die Winkerk-databasis wat deur die kerkkantoor geadministreer word.

Die kerkkantoor kan dus hierdie inligting gebruik soos benodig word vir die funksionering en bediening van die gemeente.

Indien u egter nie hierdie toestemming/kennisgewing onderskryf nie, vra ons dat u asb die kerkkantoor skriftelik hiervan in kennis stel.

Dankbaar Diensbaar in Sy Koninkryk

As jy voel dat jy tot diens kan wees as in die koninkrykswerking van **kinderharte**, nooi ons jou uit om aan te meld as kategeet vir 2022.

Ons benodig liefdevolle, geduldige en ywerige grootmense (jy hoef nie 'n onderwyser te wees nie, slegs lief vir kinders) om Sondae-oggende na afloop van die erediens Sondagskoolklassies te gee.

Al die materiaal word vir jou voorsien. Daar is ook mense beskikbaar om af te los as jy 'n spesifieke Sondag nie by die kerk kan wees nie.

Al wat jy moet saambring, is entoesiasme en opgewondenheid oor die verskil wat jy in kinders se lewens kan maak. Ons wag vir jou!

Kontak asb. vir **Ds. Dewald** of **Larese Ellis** (Kategesehoof) as jy deel van hierdie besondere span wil wees.



COVID-19 HANTERING

Tydens die verloop van die pandemie vertrou ons op God en ons neem goeie besluite.

- ♦ Tans is daar nuwe variante en styging in getalle.

Om die rede wil ons mekaar in liefde aanmoedig om die nodige voorsog te tref in ons samesyn.

Was hande, dra maskers, hou veilige afstand en neem mekaar in ag.

Tydens die erediens kan ons veilige afstande aanmoedig wanneer ons sitplekke inneem.

Sterkte aan elkeen met die hantering van informasie en hou jou oë op Jesus.



Baie geluk aan almal wat gedurende die vakansie verjaar! Mag dit 'n vreugdevolle viering wees.

KOSPAKKIES

Daar is baie honger mense wat gereeld kom aanklop vir 'n kospakkie of iets om te eet.

As dit vir jou moontlik is om nie-bederfbare kruidenierspakkies op te maak of iets te skenk, kan dit by die kantoor afgegee word deur die week. Dit word aan behoeftige mense uitgedeel.

VOORBIDDING

Ons vra die gemeente se voorbidding vir ons beroepingsproses wat voorlê in die nuwe jaar.

Ons dra mekaar in die vakansietyd op waar daar ook siekte en hartseer is.

*Sondag 19 Desember se preek is die laaste Potgooi-boodskap van die jaar. Die potgooie hervat weer 16 Januarie.
Lekker rus en veilig reis die vakansie!*

Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor: 028 212 1202 | epos: ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor WhatsApp nommer: 072 807 3192

Ds Dewald: 028 212 1332 | dutoitdewald@yahoo.com

Webblad: www.ngcaledon.co.za

Volg ons op Facebook @NGCaledonMoedergemeente

*Ons gee God se hoop
en liefde aan*